Padkos vir die week

Ouers wat kinders seer maak.

My siel, Pa
Hoeveel ekstra vakke Pa?
Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
Die prestasies, Pa, al is dit top,
galgtou oor my kop.
En my siel, Pa ...
Kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, hoeveel eerstes by die wenpaal,
rekords moet ek nog behaal?
Hoeveel keer op die rostum, Pa,
met 'n Achilleshiel wat pla?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, S.A.-skolespan speel ek al twee jaar,
Pa se Cravenweek is geewenaar.
Hoe hoog moet die turksvy-kind in die lynstaan
spring
om Pa eer te bring?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, is Pa ooit tevrede met die ewebeeld,
wat oor my vou soos 'n donker kleed?
Pa is mos my proto,
ek maar Pa se foto!
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Marie van Rensburg